



### **GEBED:**

Hierdie is 'n gebed wat julle vir mekaar en vir ander kan bid.

Mag God vir jou gee:

Vir elke storm, 'n reënboog.

Vir elke traan, 'n glimlag.

Vir elke besorgheid, 'n belofte en 'n seën in elke moeilikheid.

Vir elke las wat die lewe oplewer, 'n vriend om dit te help dra.

Vir elke sug, 'n mooi lied en 'n antwoord op elke gebed. Daarom:

Mag die wind altyd teen jou rug wees.


Mag die son warm op jou gesig skyn.

Mag die reën saggies op jou lande val.

Mag God jou vashou in die palm van sy hand.

Amen.

### **LEEF JOU GELOOF**



Maak 'n klompie mooi versierde kaartjies met die bogenoemde gebed daarop en gaan lewer af by huise in julle buurt.

### **NET VIR OUERS**

Teken 'n hart en skryf jou kinders se name daarin. Bid die bogenoemde gebed elke dag van hierdie week stilweg vir jou kinders.



## **HOE KLINK GOD SE STEM WEEK 3**




### **BESTE EN SLEGSTE**

Gee elkeen 'n kans om oor die beste en slegste oomblik van elkeen se dag te gesels.

### **WAAR HET JY JEUSUS VANDAG ONTMOET?**

Gesels met mekaar oor waar elkeen vandag vir Jesus ontmoet het, of oor iets of iemand wat jou aan Hom laat dink het.



### **Bybel:**

Abraham kry 'n oproep uit 'n onverwagse oord! Dis van God. Die oproep is duidelik - laat staan alles en trek. Waarheen? Jy sal weet wanneer jy móét weet! Om met God 'n pad te stap laat jou altyd uit jou gemaksonne beweeg...

### **Lees: Genesis 12:1-9.**

- \* Wat leer jy van God?
- \* Wat leer jy van Abraham?
- \* Wat vra God van jou



Kom ons verduidelik wat dit beteken as God vir 'n mens sê: "Staan op, vat jou goed en trek". Toegee, dis dikwels die avontuurlike mense, dié wat gek genoeg is om sommer hulle goed te vat en te trek, wat bly groei in hul menswees, wat voordurende hulself verbeter. Hulle is mense wat gek is na God, gek is na die lewe, ja gek is daarna om voluit te lewe. Dis hulle wat nooit gaap van verveling nie, maar brand, brand, brand soos "starlights" wat geen einde ken nie! En almal wat dit sien sê: "Wow!"

Hoe gekker jy is na 'n voluit-lewe, hoe duideliker hoor jy God se stem! Maar hoe raak 'n mens só gek? Dit gebeur wanneer jy Bybel lees - dis God se Woord aan ons. Hoe meer ons dit lees, hoe meer leer ons wie God is en wat vir Hom belangrik. Hoe meer jy oor God lees, hoe meer versot raak jy op Hom en hoe helderder laat die Heilige Gees jou brand vir Hom!

Lank gelede, lank voor daar dinge soos CD's en MP3's en iTunes was, het ons geluister na musiek op plate wat op 'n platespeler gespeel is. Daar was een maatskapy met 'n musieketiket met die naam His Master's Voice onder aan die prentjie van 'n hond wat by 'n outydse platespeler sit en luister (soek gerus op die internet na 'n foto daarvan).

Vandag is daar verskeie maniere waarop jy na musiek kan luister, maar die kans is goed dat jy na 'n CD sal luister om te hoor hoe die kunstenaar sing. Die CD is die manier waarop jy die sanger se stem kan hoor. So is dit ook met die Bybel. Dit stel ons in staat om die ware Meester se stem te hoor - sy woorde wat Hy wil sê. Die Bybel help ons om *His Master's Voice* - God se stem - in ons lewe te herken.

Enkele jare gelede was daar iewers in 'n koerant 'n foto van 'n 67-jarige Afro-Amerikaanse man wat van oor tot oor glimlag. Die lig wat uit sy oë gestraal het, was ongelooflik. Die storie by die foto het verduidelik dat die man sy lewe lank 'n dokwerker was en op 65 jaar afgetree het. Hy was 'n alkoholis wat elke dag van sy lewe dieselfde kroeg besoek het. Maar die roetine het erg vervelig geraak en hy het begin soek na betekenis in sy lewe. Hy het nie eintik verwag dat hy enige ontdekking sou maak nie, maar tot sy verbasing het

het daar wel iets gebeur wat sy hele lewe omgekeer het. Hy het 'n stem gehoor sê: "Gaan koop 'n besem en waentjie." Daar was geen twyfel by hom dat die stem aan God behoort het nie. Oplaas het hy iemand ontdek wat die hele tyd by hom was en vir hom gewag het. Die stem het die man bevel om elke dag die strate voor en om Mission High School te vee. Hy het presies gedoen wat die stem hom beveel het en ook daar en dan opgehou drink. Vir baie van die skool leerlinge het hy gou-gou 'n plaasvervanger-oupa geword. Hulle was gaande oor sy glimlag en praatjies en nadat hulle die ou man leer ken het, het niemand dit meer gewaag om rommel in die strate te strooi nie. Hierdie man het geen rekening gesoek nie. Hy wou net sin in sy lewe hê. Verder het hy vertel dat hy nog nooit in sy lewe soveel vrede en blydschap ervaar het nie want hy het die doel van sy lewe ontdek: Om 'n boodskapper van God se liefde te wees. Sy manier om dit uit te leef, is om die strate te vee en om 'n vriend vir Mission High School se leerlinge te wees. God roep elkeen van ons om 'n verskil te maak.



### **DOEN SAAM :**

George Washington Carver het altyd 'n blom in sy lapel gedra omdat dit hom herinner het aan *Meneer die Skepper*, sy naam vir God. Wat kan julle doen om julle elke dag aan God te herinner? Hier is 'n speletjie wat julle kan speel: Gee vir elkeen papier en 'n pen en gaan buitentoe, kyk rond en skryf soveel dinge moontlik neer wat jou aan God herinner. Julle het 3 minute (stel 'n selfoon se alarm om te lui wanneer die tyd om is). Die een wat die meeste dinge neerskryf, wen. Deel met mekaar wat julle gesien het, en leer so by mekaar.